PLATINUM BUSHVELDER sports

# VOORTREKKERS HOU WAATLEMOENFEES

**Thabazimbi –** Die Ysterberg Voortrekkers het hul jaarlikse verrigtinge afgeskop op Woensdag 15 Januarie.

Soos per tradisie het die jongspan weer waatlemoenfees gehou en almal is aangemoedig om 'n maatjie saam te bring. Die fees was net die begin van hope pret wat in 2020 vir die Voortrekkers voorlê.

Almal was taai van kop tot tone maar het geskaterlag terwyl hul peusel aan sappige stukke waatlemoen.

Die Voortrekkers is 'n Afrikaner jeugorganisasie wat in 1931 in Suid-Afrika gestig is met die doel om kinders meer te leer van Afrikanerskap, burgerskap en Christenskap.

Elke Woensdagmiddag van 17:00 tot 18:00 word Voortrekkers aangebied by Smartbrains.

**Indien jy wil deel wees van die Voortrekkers, kontak Danie Naude op 082 738 6737 vir meer inligting.**



Laat die fees begin



Amori Weatherall, geniet haar stuk waatlemoen.



Sophia Jarman, smul aan waatlemoen



Lekker waatlemoen vir almal.

# SPORT
# SUPER RUGBY 2020

Die Super Ruggas skop Vrydag 31 Januarie amptelik af ou grote!

Die Crusaders wat in 2019 die kampioene was, sal verseker weer een van die groot honde wees in vanjaar se reeks.

**Week 1 Bepalings:**

Blues vs Chiefs - Auckland 31/01 - 08:05

Brumbies vs Reds - Canberra 31/01 - 10:15

Haaie vs Bulle - Durban 31/01 - 19:10

Sunwolves vs Rebels - Fukuoka 01/02 - 05:45

Crusaders vs Waratahs - Nelson 01/02 - 08:05

Stormers vs Hurricanes - Kaapstad 01/02 - 15:05

Jaguares vs Leeus - Buenos Aires 02/02 - 01:00

Duisende Super Bru's sal weer lag of huil. Braaivleis en baie minder grassny is aan die orde van die dag.

**Nag ou grote!**

Stuur jou event na news@platinumbushvelder.co.za ** Gratis Plasing!

# PLATINUM DAGBOEK

**... Om jou te herinner van komende gebeure...**

| FUNKSIE | DATUM | LOKAAL | KONTAK |
|---|---|---|---|
| André Schwartz & Coenie de Villiers Live | 31 Jan '20 | Thabazimbi: Hoërskool Frikkie Meyer | 082-7874045 |
| HFM musiekaand | 31 Jan '20 | Thabazimbi: Hoërskool Frikkie Meyer | 082-7874045 |
| Parkrun | 1 Feb '20 | Thabazimbi: Pondok | 084-510-0747 |
| Fun Run | 1 Feb '20 | Thabazimbi: Lyon Lodge | 076-427-5901 |
| Lyon Lodge Vlooimark | 1 Feb '20 | Thabazimbi: Lyon Lodge | 076-427-5901 |
| Profetiese Konferensie | 1-2 Feb '20 | Thabazimbi: 2 Rietbok Straat | 083-349-6747 |
| Higher Purpose - Vroue kamp | 7 Feb '20 | Pretoria: Maloti-Drakensberg Park | 079-516-3289 |
| Roger Federer vs Rafael Nadal | 7 Feb '20 | Cape Town | 011-467-9233 |